# BESPREKINGS VIR VERBLYF IN HOËRSKOOL NELSPRUIT KOSHUISE




## BESKIKBAAR 29 JUNIE - 5 JULIE 2026

**Kontakpersoon: Wilna Theron**

**013-755-2082 (07:00-13:00)**

**wtheron@nelliesh.co.za**

**BESPREKINGS OPEN 2 MAART 2026!!**

**KOSTE PER NAG**

**Huis Hermann Davin:**

R550 **per kamer** (2 bed).

**Huis Maré:**

R 550 **per kamer** (2 bed)

R 275 **per persoon** vir 6-bedkamers (stapelbeddens)

**SLEUTELS**

- Elke kamer ontvang sy eie sleutel.

  ***LW! 'n Sleuteldeposito van R50 PER SLEUTEL is STRENG KONTANT betaalbaar met aankoms.***

***NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE INLIGTING:***

- ***VOLLE BEDRAG BETAALBAAR TWEE WEKE NA BESPREKING.***
- ***INDIEN GEEN BETALING ONTVANG IS OP GENOEMDE DATUM NIE, WORD U BESPREKING SONDER VERDERE KENNISGEWING GEKANSELLEER.***
- ***U KAMER IS EERS BESPREEK NA ONTVANGS VAN DIE VOLLE BEDRAG.***
- ***GEEN GELDE IS TERUGBETAALBAAR NIE!!***
- ***INBETAALBESONDERHEDE EN VERWYSINGSNOMMER SAL TYDENS BESPREKING VERSKAF WORD.***

**INBOEK**

Ons versoek dat persone die eerste dag van aankoms **12:00 - 19:00** sal inboek.

**BEDDEGOED**

***BRING ASSEBLIEF U EIE BEDDEGOED: DUVET/KOMBERS, PASLAKEN/LAKEN VIR MATRAS, LAKEN EN KUSSING SAAM!!!***

**ETES**

- Geen etes word verskaf nie.
- Geen selfsorgfasiliteite; geen eie elektriese kombuistoerusting word toegelaat nie.

**KOFFIEWATER**

- Kookwater sal daagliks beskikbaar wees.
- Koffie, tee, suiker en melk word verskaf.
- Bring asb u eie koffiebeker, lepel en spesiale koffie/tee saam.

**BADKAMERS**

- Die badkamers in die gange is afsonderlik vir uitsluitlike gebruik van mans of dames toegewys.
- Bring asb u eie badprop indien u sou verkies om te bad.

**MUURPROPPE:**

**HUIS HERMANN DAVIN:**

- Die kamers in een van die onderste gange (Yskor) het NIE muurproppe nie. Daar is wel muurproppe in die gang asook draadhokkies waarin selfone gelaai kan word (bring asb. u eie slotjie/kabelbinder om die hokkie toe te sluit terwyl u selfoon laai).
- Die kamers in Manana-, Amor-, Gate toe-, Pezulu- asook Apollosgange het wel 'n muurprop in elke kamer.

**HUIS MARé:**

- Geen muurproppe in die kamers van Strelitzia, Kraaines en Melody nie, slegs in die gang.
- 'n Salon in elke gang is wel goed ingerig met muurproppe vir fone laai en haardroërs.
- Daar is ook draadhokkies waarin selfone gelaai kan word (bring u eie slotjie/kabelbinder).
- Salomé, Miladys en Vyfster het wel muurproppe.

**PARKERING**

- Parkeer slegs op die parkeerarea by die hoofingang na die koshuis.
- Daar is snags sekuriteit op die terrein.
- Bring u eie slot en ketting indien u 'n sleepwa gedurende die nag wil toesluit/vassluit.

## REËLS

**In belang van die veilige en gelukkige verblyf van Innibos-gangers en die koshuisbewoners, word daar reëls neergelê wat almal moet respekteer.**
***Persone wat hul skuldig maak aan die oortreding hiervan of wangedra sal sonder terugbetaling van fooie, uit die koshuis vergesel word.***

- **ROOK** of **ALKOHOLIESE DRANK** word **NIE** in die koshuis toegelaat nie.
- Geen vandalisme sal geduld word nie.
- Respekteer die privaatheid en rus van andere om u - **stilte vanaf 22:00** in die gange.

**AANWYSINGS:**

- **GPS – KOÖRDINATE:**
  - **Hoërskool Nelspruit:** **25°28’18.22”S** **30°59’09.20”E**
  - **INNIBOS-Feesterrein: (By Hoërskool Bergvlam)** **25°28’49”S** **30°57’58”E**
- **VANAF PRETORIA NA KOSHUIS**

Neem Nelspruit CBD/Barberton afrit op die N4. Draai **REGS** by die verkeerslig langs die groot ABSA-gebou op regterkant. Draai **LINKS** by die tweede verkeerslig (BRANDERS STR). Ry oor een verkeersligkruising tot waar die pad doodloop. Draai **REGS** en ry tot by die skoolhekke.

**Huis Maré**: 50m vanaf hek – links.

**Huis Hermann Davin**: Ry verby die skoolgeboue, ongeveer 400 m vanaf die hek, tot by die parkeerarea van die seunskoshuis, Huis Hermann Davin.

- **VANAF KOSHUIS NA FEESTERREIN (3,3km per motor)**

Ry uit by die hek. Draai **LINKS** by die tweede stopstraat. Draai **LINKS** by die vyfde verkeerslig (dubbelpad na Barberton / Witrivier) draai **LINKS**. By die eerste verkeerslig sal u die feesterrein op REGTERKANT sien. Hoofingang is by die tweede verkeerslig **REGS** in Geelhoutstraat.

**NOODNOMMERS:**

- Sleutelmaker: Crawley’s locksmith: 013-752 4751 / 083-556-6264
- Hospitaal: Nelmed forum: 013-755 5000
  Nelspruit Mediclinic: 013-759 0500
- Sekuriteit: Securicon 066 141 7201
  013 591 2650/1
  066 586 9150 (Callum MacPherson)
- SA Polisie: Navrae: 013- 759-1000